Jou ideale bosveld wegbreek!

Tel: 012 277 1204
reservations@kokoriba.co.za
www.kokoriba.co.za
Reg. no: 1999/0311421/23
Nood No: 0722314776

# Reëls en Vrywaring

**Geagte Kliënt,**

Baie dankie dat u Kokoriba u vakansie keuse gemaak het.
Ons bring graag die volgende belangrike punte onder u aandag om u verblyf by ons so aangenaam en sorgvry moontlik te maak.

## REëLS & REGULASIES:

1. **Neem kennis dat die chalet sleutels op dag van vetrek om 10h00 by ONTVANGS ingehandig moet word. Indien die sleutels na 10h00 ontvang word sal n boete van R500 aan U gegee word**.
2. Die persoon wat hierdie voorwaardes ontvang, onderneem om dit onder die aandag van al die lede van sy groep te bring en aanvaar aanspreeklikheid daarvoor dat al die lede van sy groep die bepalings hiervan nakom.
3. Die reg van toegang word voorbehou.
4. Kru-taalgebruik word nie toegelaat nie.
5. Privaat voedsel en drank word beperk tot u woonwa of chalet. Geen piekniek mandjies, koelhouers of glasvoorwerpe word by die swembad area toegelaat nie.
6. Die gebruik van waterpype (Hubbly Bubblies) is streng verbode.
7. Die gebruik van vuurwerke is streng verbode.
8. BAIE BELANGRIK - Rustigheid en geen musiek word stiptelik verwag vanaf 22h00. (10nm) Besoekers word vriendelik verplig om die rustigheid van die omgewing te alle tye te eerbiedig. Let daarop dat ons sekuriteitswagte toegerus is met bors-kameras.
9. Geen musiek en enige vorm van geraas wat steurend is vir ander gaste word toegelaat nie, byvoorbeeld geen "boombox" toegelaat.
10. Geen troeteldiere toegelaat nie. GEEN UITSONDERINGS.
11. **Hek ure**: Open om 06:00 en sluit om 21:00.
12. **Oord ontvangs ure**:
    Maandag – Donderdag en Saterdag: 08:00 – 17:00 Vrydae: 08:00 – 19:00 Sondae: 08:00 – 14:00
13. **Restaurant- & Kroeg ure**: Maandae en Dinsdae: 08:00 – 19:00. Woensdae, Vrydae en Saterdae: 08:00 – 20:00. Donderdae: 08:00 – 19:00. Sondae 08:00 – 16:00
14. **Winkel ure**: Gewone weeksdae: 08:00 – 17:00. Vrydae en Saterdae: 08:00 – 19:00. Sondae: 08:00 – 16:00. Skoolvakansies en langnaweke: 08:00 – 19:00.
15. Die oordgeriewe sluit op gewone naweke Sondae om 16:00.
16. Geen privaat voertuie word in die veld toegelaat nie - 'n boete van R2 000 sal gehef word. (Wildsvoertuie is te huur vir wildbesigtiging).
17. Die verwydering van hout uit die veld word streng verbied.
18. Geen vure mag op die grond gemaak word nie. Maak asseblief van ons braaiers gebruik.
19. Geen diskriminasie teen enige persoon op grond van ras of geslag word toegelaat nie.
20. Geen fietse word in die swembad area toegelaat nie.
21. Let asseblief daarop dat alle chalets streng ROOK VERBODE is. Indien dit oortree word sal die oord die reg voorbehou om 'n boete van R2 000 te hef en stem u daartoe dat die diskresie met betrekking tot die oortreding by die oord bestuur lê.
22. **Indien gas toegangs kaartjie verloor sal daar n vervangings fooi wees van R50.00**
23. Woonwa /tent staanplekke is beperk tot die woonwapark ALLEENLIK op gemerkde staanplekke.
24. Alle grondseile wat gebruik word, moet van die skadu net-tipe wees.
25. Neem asseblief kennis dat alle verlore goedere of agtergeblewe items slegs vir 1 maand na u vertrek gestoor sal word. Indien items nie opgeeis word in hierdie tyd nie sal dit geskenk word aan behoeftiges.

## VRYWARING EN AANSPREEKLIKHEID

(a) Alle toerusting en geriewe word op eie risiko gebruik. Die Eienaar en Bestuur aanvaar geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir enige beserings, skade of siekte wat uit die gebruik daarvan of besoek aan KOKORIBA WILDRESERVAAT voortspruit nie.
(b) Die verantwoordelikheid om behoorlike toesig te hou oor babas, kleuters en kinders berus by die persoon in wie se sorg hulle die oord binne kom.

(c) Alle geriewe op die Oord en in besonder die swembaddens, wipmatte, klimrame en waterglybane, word op eie risiko deur besoekers gebruik. KOKORIBA WILDRESERVAAT aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige beserings of skade wat mag voortspruit uit die gebruik daarvan nie en ook nie vir enige beserings of skade wat besoekers by die Oord sou opdoen nie.
(d) Besoekers bring hul eiendom op eie risiko na die terrein. Die Oord is nie aanspreeklik vir diefstal of verlies daarvan of enige skade opgedoen tydens besoek aan die Oord nie.
(e) Indien u van enige van Kokoriba se werkers gebruik sou maak om privaat take te verrig, vrywaar u Kokoriba van enige skade wat daaruit mag voortspruit, hetsy persoonlik of aan u eiendom.
(f) Neem asseblief kennis dat u Hiermee toestem en aanvaar dat foto's en video's wat deur personeel op die oord en perseel geneem word aangewend kan word vir bemarkingsdoeleindes van Kokoriba Wildreservaat op sosiale media platforums.
(g) Deur hierdie vorm te voltooi, gee u toestemming dat u persoonlike inligting insluitend; Naam en Van, Selfoon nommer en E-posadres vooraf met Salon Natuurlik gedeel mag word vir die uitstuur van promosies, aanbiedings of relevante kommunikasie.

## BREEKSKADE:

Geen breekskade deposito word verlang nie, maar die Oordbestuur behou die reg voor om op eie diskresie u as besoeker verantwoordelik te hou vir die volle of gedeeltelike vervangingswaarde van die beskadigde items, indien enige. Dit is u as besoeker se verantwoordelikheid om die inventaris noukeurig deur te gaan met aankoms en ontvangs onmiddellik in kennis te stel indien daar enige gebreke of tekortkominge is. Gedurende u besoek word u vriendelike versoek om indien daar enige breekskade voorvalle is, u dit by ontvangs sal aanmeld en enige breekskade rekening voor u vertrek sal vereffen.
Indien u nie die voorval aangemeld het nie, en dit na u vertrek onder die bestuur se aandag gebring word, gee u hiermee toestemming dat u verantwoordelik gehou sal word vir die breekskade rekening.

## GASTE GEDRAG:

Hiermee gee u ons toestemming dat indien u of enige persone in u geselskap die oord se reëls oortree of 'n steurnis is vir ander gaste op die oord, ons u, saam met u geselskap kan vra om die oord te verlaat. En verder stem u hiermee toe dat in geval van herhaaldelike oortreding of versetting, ons van 'n buite sekuriteits maatskappy gebruik mag maak om die betrokke persoon of persone en hul voertuie te verwyder. U sal nie geregtig wees op enige terugbetaling van gelde nie en enige kostes en skade wat deur die oord aangegaan word in die verband sal van u verhaal word.

Ek, die ondergetekende en my geselskap aanvaar hiermee al die Oord se Reëls en Regulasies soos hierbo uiteengesit en onderneem om daarby te hou.

_________________________ _______________________ ___________________

**Voertuig Registrasienommer:** **Aantal Volwassenes:** **Aantal kinders o/12:**

______________________________

**Verblyf Tipe en Nommer:**

**Geteken te KOKORIBA WILDRESERVAAT op hierdie _________ dag van _______________20___.**

_________________________

**Handtekening:**

_________________________

**Voorletters & Van (Drukskrif)**

_________________________

**Identiteitsnommer:**